# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**
**GRAAD 11**

**11 JUNIE 2015**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

- Die vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Leesbegrip** | **(30 punte)** |
| **AFDELING B:** | **Opsomming** | **(10 punte)** |
| **AFDELING C:** | **Taal in konteks** | **(40 punte)** |

- Beantwoord **AL** die vrae.
- Nommer jou antwoorde korrek.
- Nommer in die middel van die bladsy OF laat ‘n reël tussen jou antwoorde oop.
- Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
- Skryf netjies en leesbaar.

***Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye***

**AFDELING A : LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: Leesbegrip**

**TEKS A : Tydskrifartikel.**

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

**Ma se Wyse Raad**

1 As kind het die meeste van ons gedink ons ma's praat nonsens as hulle vir ons raad wil gee, maar soos jy ouer word, verander jou siening. Dis dikwels eers as volwassene wat 'n mens besef hoe waardevol jou ma se raad werklik was. As jy die dag vir jou kind dieselfde raad gee, weet jy jou ma het toe tog van beter geweet…

2 Soms kan die lewe jou 'n paar harde houe toedeel, maar Ma se raad kan die pad 'n bietjie gelyker maak. "My ma is met kanker gediagnoseer toe ek in my eerste jaar was," vertel Denise Snyman (25) 'n klerk van Middelburg. "Sy het herstel en leef sedert die diagnose asof elke dag haar laaste is. Ek probeer haar voorbeeld volg."

3 Natasha Jonker (36), 'n persoonlike assistant van Randburg, het soortgelyke raad by haar ma gekry om elke dag voluit te lewe. "Haar raad aan my nadat 'n goeie vriend van haar in 'n ernstige motorongeluk was, was om elke dag met dankbaarheid op te staan vir nog 'n dag wat aan my geskenk is, want elke dag is 'n geskenk van God," vertel sy.

4 Linda de Klerk (25), 'n boekhouer van Linden, sê as tiener was sy 'n perfeksionis en prestasie in haar skoolwerk en op die sportveld was die hoofdoel in die lewe. Hierdie strewe na die beste het dikwels ten koste van haar en haar gesin geskied. "My ouers moet baie geld en tyd opoffer sodat ek by soveel moontlik aktiwiteite by die skool betrokke kon wees," vertel sy. "Ek was dikwels humeurig as ek nie my doelwitte bereik het nie.

5 Dit het sy tol geëis. Nadat Linda met nege onderskeidings gematrikuleer het, het haar liggaam halt geroep. "My matriekvakansie was die eerste vakansie wat ek in drie jaar geneem het," vertel sy. "Ek het weens liggaamlike uitputting in die hospitaal beland en dit was so erg dat ek nie die eerste semester van universiteit kon bywoon nie." My ma se raad was om dit my doel in die lewe te maak om gelukkig te wees. Ek het besef ek was ten spyte van al my prestasies nooit werklik gelukkig op skool nie," sê sy.

6. Michelle Kukard (28), 'n kantoorbestuurder van Ellisras, probeer haar ma se kosbare stukkie raad aan haar twee kinders oordra: "My ma het my geleer dat jy altyd jou reputasie moet beskerm. Sonder 'n goeie reputasie en integriteit is jy niks. As jy dit eers verloor het, kry jy dit moeilik terug…"

7. Dit is dus duidelik dat die meeste kinders nie ag slaan op hul ouers se raad nie. As jyself egter 'n jong volwassens is, of as jy jou eie kinders het, begin jy jou kinders opvoed soos wat jou ouers jou opgevoed het. Dan begin jy eers besef dat jou ouers die raad gegee het omdat hul vir jou lief is en omdat hul omgee. Dit sal dus wys wees, om volgende keer na jou ma te luister. Spyt kom altyd te laat.

*(Verwerk uit Vrouekeur November 2011)*

1.1 Wanneer besef mens dat jy na jou ma se raad moes luister? (1)

1.2 "Ma se raad kan die pad gelyker maak."
Verduidelik wat met die aanhaling bedoel word. (1)

*"Soms kan die lewe jou 'n paar harde houe toedeel."*

1.3 Kies die **KORREKTE ANTWOORD**. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.

1.3.1 Die **BOSTAANDE** sin is 'n voorbeeld van (denotasie / konnotasie). (1)

1.3.2 MOTIVEER jou antwoord op VRAAG 1.3.1 (1)

1.4 Denise Snyman se ma is baie hartseer en dink elke dag aan haar siekte.

1.4.1 Is die stelling **WAAR of ONWAAR?** (1)

1.4.2 **MOTIVEER** jou antwoord op vraag 1.4.1

1.5 Watter ernstige siekte het Denise Snyman se ma gehad? (1)

1.6 Wie is hier aan die woord? (1)

1.7 Natasha Jonker werk met geldsake.

1.7.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?

1.7.2 MOTIVEER jou antwoord. (1)

1.8 Het Linda de Klerk se gesin onder haar abnormale ambisie gely? Haal ‘n **GEDEELTE** van ‘n sin aan om jou antwoord te staaf. (1)

1.9 Haal die **ANTONIEM** aan van: “tot voordeel van.” (Paragraaf 4) (1)

1.10 1.10.1 **BESKRYF** in jou eie woorde wat ‘n perfeksionis is (Paragraaf 4) (1)

1.10.2 **VERDUIDELIK** hoekom daar staan dat Linda ‘n perfeksionis was. (1)

1.11 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek?

Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.

**Die woord "humeurig " (par. 4) wys Linda was** ...

A ontevrede

B hartseer

C huilerig

D buierig (1)

1.12 Wat word bedoel met "Dit het sy tol geëis"? (1)

1.13 Het Linda baie vakansie gehou? Motiveer jou antwoord deur 'n sin aan te haal. (1)

1.14 Dink jy Linda is baie slim? Gee 'n rede. (1)

1.15 Watter werk doen Michelle Kukard? (1)

1.16 Hoe oud is Michelle Kukard? (1)

1.17. Verduidelik wat met ***reputasie*** bedoel word. (1)

1.18 Hoe tree 'n persoon met integriteit op?
Noem **TWEE** kenmerke. (2)

1.19 Wat het jou ma (of pa) jou geleer wat jy dink waardevol in die toekoms kan wees? (1)

1.20 Dink jy dit is reg dat ouers altyd raad aan hulle kinders wil gee? (1)
**MOTIVEER** jou antwoord.

1.21 Dink jy dat tieners na hulle ouers se raad luister? (1)
**MOTIVEER** jou antwoord **(24)**

**TEKS B: ADVERTENSIE**

# WEN 'N BEURS

Jasmine Adams van Excelsior Hoërskool in Belvue het verlede jaar die beurs vir hoërskoolleerders gewen. Dis nou jou laaste kans om in te skryf vir een van vier ***Gesels***-beurse van R5 000 vir leerders. Ons gee ook 'n R5 000-beurs aan 'n skool..

**MOEILIKE TYE**

***Gesels*** besef daar is nood in ons gemeenskappe; daarom gaan ons vanjaar weer 'n paar ***Gesels***-beurse toeken. Die geld kan vir enigiets, van skoolgeld tot sporttoerusting gebruik word. Dit kan die verskil maak tussen slaag en druip.

**HULP**

Om een van die beurse te kan wen, moet jy 'n brief skryf oor hoekom jy die beurs verdien



**SKRYF SO IN**

Stuur 'n motiveringsbrief van tussen 120 en 150 woorde met die volgende besonderhede:

- Jou volle naam, ouderdom en graad
- Die skoolhoof en skool se naam en adres
- Presies waarvoor jy die geld gaan gebruik
- Hoekom jy die beurs verdien
- Ouers se kontakbesonderhede

**BELANGRIKE INLIGTING**

Die sluitingsdatum is 31 Januarie. ***Gesels*** sal 'n kortlys van finaliste opstel. Die finaliste se briewe sal in ***Gesels*** verskyn. Lesers sal stem vir die finaliste wat hulle dink die beurs moet wen

**KOMPETISIEREëLS**

Werknemers van GeselsMEDIA en hul gesinne mag nie deelneem nie.

Vir meer inligting bel die ***Gesels***-kantoor by 021 446 1132
**STUUR INSKRYWING NA**:
***Gesels***-beurskompetisie, Posbus 7191, Roggebaai, 8001
Of e-pos jou brief na Gesels-Geselsmedia.co.za duidelik gemerk as Gesels-beurskompetisie

| | | |
|---|---|---|
| 1.21 | Wat is die **DOEL** van hierdie advertensie? | (1) |
| 1.22 | Wie is die advertensie se teikengroep? | (1) |
| 1.23 | Noem **EEN** manier waarop jy jou inskrywing kan stuur. | (1) |

1.24.1 Watter visuele tegnieke word in die advertensie gebruik ? NOEM een. (1)

1.24.2 Hoekom dink jy het hulle hierdie tegniek gebruik? (1)

1.25 Jy wil graag vir die beurs aansoek doen.
Gee **EEN** rede hoekom jy die beurs verdien. (1)
**(6)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: VRAAG 2

INSTRUKSIES

1. Maak 'n opsomming van die onderstaande teks.
2. Skryf sewe wenke neer om minder skaam te wees.
3. Skryf elke wenk in ‘n volsin.
4. Skryf die wenke puntsgewys onder mekaar neer.
5. Nommer die sinne van 1 tot 7.
6. Laat ‘n reël tussen die sinne oop.
7. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
8. Dui die KORREKTE aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

SKAAM? ALLES BEHALWE! Simoné Sevenster



## Wenke om minder skaam te wees:

As ’n vreemde persoon by ’n partytjie met jou gesels, moenie dadelik onttrek nie. Hoor wat die persoon te sê het, en probeer ‘n geselsie aanknoop, al kom jy agter dat julle nie baie in gemeen het nie.

Word deel van ’n spansport soos netbal of rugby: aangesien jy en die spanlede ’n gemeenskaplike doelwit het, sal dit die kommunikasieproses vergemaklik.

Verander jou voorkoms: gaan vir ’n haarsny, koop ’n paar nuwe kledingstukke en dra grimering wanneer jy uitgaan. Jy sal dadelik beter oor jouself voel en meer selfvertroue hê.

Dit mag dalk simpel klink, maar probeer om met vreemdelinge oogkontak te maak, vir hulle te glimlag en selfs party van hulle te groet.

Dink aan dinge wat jou skaam maak, en dan oefen jy om daaraan te werk. Byvoorbeeld, as jy met iemand in jou klas wil gesels, oefen dit voor die spieël.

Groot groepe met onbekende mense mag jou dalk net meer teruggetrokke maak. Probeer om deel te wees van ’n klein vriendegroep.

Moet jou nie met ander mense vergelyk nie - konsentreer op dit waarin jy goed is, en neem altyd komplimente kop toe.

**BRON:** Die Burger, 2 April 2014

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C TAAL

## VRAAG 3 ADVERTENSIE

Lees die advertensie en voer dan die onderstaande opdragte uit.



3.1 Gee elke keer een woord vir die gedeelte tussen hakies:

a) My (ma se suster) gaan saam met ons met vakansie.
b) Die kinders bou (klein torings) van sand op die strand. (2)

3.2 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:

a) Sy dink dit is (lekker) om hier vakansie te hou as om oorsee te gaan.
b) Die vakansieoorde word deur baie (toeris) besoek. (2)

3.3 Skryf die getal in die volgende sin uit:

Ons gaan oor 14 dae met vakansie. (1)

3.4 Waarvoor staan die laaste twee letters in die volgende webwerf se adres?

www.atkv.co.za (1)

3.5 Skryf die ontbrekende woord neer:

'n Mens moet goed beplan as ___ met vakansie gaan. (1)

3.6 Herskryf die volgende sin sonder om die betekenis te verander. Begin soos aangedui.

Ons gaan graag met vakansie.

Ons hou daarvan om . . . (1)

3.7 Verander die volgende sin na 'n vraagsin:


Julle het verlede jaar daarheen gegaan. (1)

3.8 Verbeter die woordorde in die volgende sin:

Ons gaan Krugerwildtuin toe per vliegtuig aan die einde van die maand. (1)
**[10]**

## VRAAG 4 : SPOTPRENT

**4.1 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**




[Spotprent uit: *Beeld*, 13 Oktober 2009]

Bevinding: Ouers doen skoolwerk.

4.1. Skryf die KORREKTE vorm van die deelwoord tussen hakies.

Water is deur die (lek) kraan gemors. (1)

4.2 Gee die vergrotende trap van die vetgedrukte woord.

Pa sê dat hy **goed** in die volgende taak sal doen. (1)

4.3 Skryf die sin oor en vervang die vetgedrukte woord met die voegwoord "aangesien".

Meneer Smit is verstom, **want** hy probeer altyd sy bes doen. (1)

4.4 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Pietie is verbied om gedurende (eksamen + tyd) televisie te kyk. (1)

4.5 Gebruik die vetgedrukte woord in ŉ sin sodat dit ŉ ander betekenis het.

Pietie het nie goed in sy taak **gevaar** nie. (1)

4.6 Voltooi die sin soos aangedui.

Pietie moet sy eie werk doen.

Pietie behoort ... (1)

4.7 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Hy leer (elke dag) om beter resultate te kry. (1)

4.8 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord.

Dit is ŉ **helder** dag. (1)

4.9 Hoekom sweet Pa in die strokiesprent? (2)
**[10]**

**VRAAG 5 LEESSTUK**

**5.1 Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer. Opsetlike taalfoute kom voor en woorde is uitgelaat.**

**EKSAMENSTRES!**
(5.1.1) Voel jy dat jou skoolwerk vir jou te veel raak Ons het dr. Melissa Kang gevra om raad te gee vir daardie dae wanneer die stres te veel raak.

**KYK NA JOU LIGGAAM**
(5.1.2) Eet gesond en doen gereeld oefening gedeurende die eksamentyd. (5.1.3) Melissa sê dat ŉ mens (5.1.4) sjokolade of koffie moet vermy.

**JY MOET GENOEG SLAAP KRY**
Dit help nie as jy tot in die vroeë oggendure studeer nie. (5.1.5) Jy moet genoeg slaap kry. "Probeer rustiger wees," sê Melissa. "Moenie dink jy kan met (5.1.6) 14 uur se slaap ná jou laaste eksamenvraestel verlore slaap inhaal nie."

(5.1.7) **JY MOET ŉN STUDIEROETINE ONTWIKKEL**
Melissa glo jy moet self die besluit (5.1.8) ... om ŉ studierooster op te stel. Jou vriend of (5.1.9) ... is ook altyd daar om jou te help. (5.1.10) Dalk verkies jy om elke dag ŉ bietjie te werk. Die werk raak nooit te veel nie. ŉ Goeie studieroetine (5.1.11) (lui/ly/lei) beslis tot minder stres.

**HOU KOP**
"Jy moet die tekens van moegheid herken," sê Melissa. "As jy ŉ bietjie moeg voel nadat jy te veel geleer het, kan jy (5.1.12) (gaan stap om die blok vinnig). Ontspan in ŉ warm bad met kerse en (5.1.13) rustig musiek."
[Verwerk uit Huisgenoot, 11 November 2011]

5.1.1 Skryf die sin oor en vul die korrekte LEESTEKEN in.
Voel jy dat jou skoolwerk vir jou te veel raak (1)

5.1.2 Verbeter die SPELFOUT in sin 1 van paragraaf 2. (1)

5.1.3 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Melissa sê dat ŉ mens sjokolade of koffie moet vermy. (2)

5.1.4 Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing. Skryf die woord in lettergrepe neer en onderstreep die lettergreep wat die klem dra. (1)

**sjo·ko·la´de s.nw. 1. (-s) Lekkergoed van kakao, suiker en kakaobotter berei: ŉ Doos, reep sjokolade. 2. Drank uit kakao berei: ŉ Koppie sjokolade.**

**[Uit: HAT, 5de uitgawe]**

5.1.5 Skryf die volgende sin in die INFINITIEF oor.

Jy moet genoeg slaap kry.

Begin só: Jy behoort ... (1)

5.1.6 Skryf die onderstreepte getal VOLUIT. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

"Moenie dink jy kan met <u>14</u> uur se slaap ná jou laaste eksamenvraestel verlore slaap inhaal nie." (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.

Jy moet ŉ studieroetine ontwikkel. (1)

5.1.8 Voltooi die volgende sin deur die WERKWOORD in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Melissa glo jy moet self die besluit ... om ŉ studierooster op te stel. (1)

5.1.9 Vul die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord in. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Jou <u>vriend</u> of ... is ook altyd daar om jou te help. (1)

5.1.10 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dalk verkies jy om elke dag 'n bietjie te werk. Die werk raak nooit te veel nie. (sodat) (1)

5.1.11 Kies die KORREKTE WOORD uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

'n Goeie studieroetine (lui/ly/lei) tot minder stres. (1)

5.1.12 Verbeter die WOORDORDE van die onderstreepte gedeelte in die volgende sin.

As jy 'n bietjie moeg voel nadat jy te veel geleer het, kan jy dalk gaan stap om die blok vinnig. (1)

5.1.13 Gee die KORREKTE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Ontspan in 'n warm bad met kerse en rustig musiek. (1)

**[14]**

**5.2 GRAPPIE**

Die taalvrae wat volg, is op die volgende grappie gebaseer.

**EERSTE UIT**



'n Man en sy vrou val saam in 'n put.
Wie kom eerste uit?
Die vrou. Sy het 'n leer in haar kous gekry!

[Aangepas uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2010]

5.2.1 Skryf die volgende sin in die direkte rede.

Die vrou sê dat sy 'n leer in haar kous gekry het.
Begin so: Die vrou sê: "... ." (2)

5.2.2 Kies die KORREKTE voorsetsel tussen hakies.

Almal sal (met/vir/tot) die man lag as hy verloor. (1)

5.2.3 Vorm ŉ deelwoord van die woord tussen hakies. (1)

Die vrou het (huil) uit die put geklim.

5.2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Hoe sal die man sy blydskap uitdruk as hy miskien eerste uit die put sou kom?

Die man skree: "... ! Ek is eerste uit."

A Hoera
B Ag nee
C Ag siestog
D Liewe hemel (1)

5.2.5 Gebruik die vetgedrukte woord in ŉ sin sodat dit ŉ ander betekenis het.

Sy het ŉ **leer** in haar kous gekry! (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**